GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Laerskool A.G. Visser

Telnr. : (016) 341-2631
(016) 341-6142

Faks : 086 635 8449

Epos : agvisser@worldonline.co.za

WEB : www.agvisser.co.za

Privaatsak X1

RENSBURG, HEIDELBERG

1439

Vir kantoorgebruik:

Toelatingsnommer: _____ Graad: _____

Datum toegelaat: _____

AANSOEK OM TOELATING BY LAERSKOOL A.G. VISSER

(Die persoon wat dokument teken, teken namens albei partye)

*Die volgende dokumente **moet** dié aansoek vergesel (Indien nie aangeheg by aansoek sal aansoek nie aanvaar word nie!):*

AFSKRIFTE:	ID Leerder / Geboortesertifikaat	ID Vader	ID Moeder	1 x ID Foto's per Leerder(s)	Nuutste Water & Ligte Rekening	Nuutste Rapport vorige skool

OORSPRONKLIKE DOKUMENTE : Oorplasingskaart/e van vorige skool

A. BESONDERHEDE VAN LEERLING

Van :_____ _____
Geboortename:_____
Noemname:_____
Geboortedatum: (Jr.md.dag):_____
Geslag: Manlik / Vroulik_____
Graad (tans): _____
Naam en posadres van vorige skool: _____
_____

Posisie in die gesin: _____ uit _____
Ras: Blank / Nie-Blank / Kleurling / Indiër
Land van oorsprong: _____
ID-Nommer:_____
Huistaal: _____
Vorige graad geslaag : _____

Skakelkode & Telnr. van vorige skool: _____

STATUS VAN LEERDER TEN OPSIGTE VAN DIE GESIN:

1 = Beide ouers
2 = Stiefpa
3 = Stiefma
4 = Wewenaar
5 = Weduwee
6 = Voogde
7 = Geskei bly by pa
8 = Geskei bly by ma
9 = Vervreem bly by pa
10 = Vervreemd bly by ma
11 = Ander

Status volgens bg. Kodenommer: _____

B GESINSBESONDERHEDE: OUER / VOOG *(Ouer / Voog waar leerder(s) woon)*

	Vader / Voog	**Moeder / Voog**
Volle name:		
Noemnaam:		
Van:		
Identiteitsnommer:		
Beroep:		
Naam van werkgewer:		
Adres van werkgewer:		
Straatadres van ouer/voog:		
Posadres van ouer/voog		
Kontakbesonderhede:	**(H)**	
	(W)	
	(Sel)	
	(Faks)	
	(e-pos)	

C ADDISIONELE KONTAKPERSOON (*Nie die ouers nie – wel naaste familielid)*

Naam en van: _____
Verwantskap: _____
Kontaknr: _____

D MEDIESE BESONDERHEDE/ GESONDHEIDSTOESTAND:

Huisdokter: _____ Telnr. _____
Mediesefonds (naam): _____ Mediesefondsnr. : _____
Naam van hooflid : _____
Mediese geskiedenis van kind . Let op die volgende:
Allergieë: _____
Kroniese siekte: _____
_____
Ander probleme: _____
_____

E TOESTEMMING EN VRYWARING:

1) Ek ouer/voog gee hiermee toestemming dat gemelde kind mag deelneem aan al die volgende aktiwiteite wat die skool aanbied met inbegrip van:
(Merk van toepassing):

SPORTAKTIWITEITE ☐ **KULTUURAKTIWITEITE** ☐

LEERDERONTWIKKELINGSPROGRAM (LOP) ☐ **TOERE/UITSTAPPIES** ☐

2) Sover ek weet is my kind fisies in staat om aan genoemde aktiwiteite deel te neem en geniet hy/sy goeie gesondheid.
3) Wetend dat die Prinsipaal en sy personeel nietemin ten alle tye alle redelike voorsorgmaatreëls ten opsigte van die veiligheid en welstand van my kind sal tref begryp en aanvaar ek ten volle die volgende:

3.1) dat alle toere, uitstappies en aktiwiteite op eie risiko onderneem word.
3.2) dat nog die Prinsipaal, nog die onderwyser en/of toer- of uitstappieleiers, nog die Beheerliggaam nog die Gautengse Onderwysdepartement, enige verantwoordelikheid of aanspreeklikheid kan aanvaar vir enige besering of selfs dood van vermelde kind nie en ook hoegenaamd geen verantwoordelikheid of aanspreeklikheid aanvaar, van watter aard ook al, vir enige skade of verlies aan of van die eiendom en effekte van die vermelde kind nie **WAAR NALATIGHEID DEUR DIE KIND BEWYS KAN WORD.**
3.3) verantwoordelikheid vir die betaling van mediese- en /hospitaalrekeninge, indien van toepassing, ingeval van besering wat nie aan die nalatigheid van die verantwoordelike personeel toegeskryf kan word nie.

4) Ek dra my magtiging as ouer/voog oor aan die Prinsipaal of sy verteenwoordigers indien mediese behandeling / chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees, indien ouers nie betyds gekontak/gevind kan word nie.

F VERBINTENIS:

Ek, die ondergetekende ouer/voog van die ingeskrewe leerling(e) van Laerskool A.G. Visser ("die Skool") erken en verstaan dat:

- die primêre verantwoordelikheid vir my kind se opvoeding en dissipline deur my gedra word.
- die skool my in die uitvoering daarvan sal bystaan.
- dat my aktiewe steun en samewerking noodsaaklik is ten einde die maksimum voordeel uit die onderwys te trek.

EK ONDERNEEM gevolglik om die volgende na die beste van my vermoë na te kom:

* Privaat konsultasies met onderwysers op tye te reël wat vir albei partye geleë is.
* By die kantoor aan te meld om 'n toestemmingsbriefie te ontvang alvorens 'n personeellid by sy/haar klas gedurende skoolure besoek word.
* Omsendbriewe en ander geskrewe stukke vanaf die skool noukeurig te lees en stiptelik daarop te reageer – ook wat afskeurstrokies aanbetref.
* Om my volle ondersteuning aan my kind(ers) te gee t.o.v. die voltooiing van huiswerk.
* Om my volle ondersteuning aan my kind(ers) te gee t.o.v. akademiese-, sport-, en kulturele bedrywighede.
* Om die reëlings rondom algemene skoolorganisasie asook skoolreëls soos vervat in die gedragskode of huiswerkboekie te eerbiedig.
* Om die volledige gedragskode t.o.v. leerders met al sy voorskrifte te aanvaar en te onderskryf. (By kantoor beskikbaar ter insae).
* Om my neer te lê by alle besluite van die Prinsipaal en Beheerliggaam met betrekking tot die bestuur van die skool.
* Om te sorg dat my kind(ers) elke dag goed versorg en ten volle geklee in ons skooldrag skool toe kom, ook wat sportdrag betref. (Uit die klerebank word sover moontlik vir werklik behoeftige gesinne voorsiening gemaak).
* Om my finansiële verpligtinge teenoor die skool stiptelik na te kom.
* Om te sorg dat alle borgvorms wat deur die skool uitgereik word aan die skool terugbesorg word.
* Om by my kind 'n positiewe gesindheid teenoor sy/haar skool en personeel te kweek.
* Om te sorg dat my kind(ers) elke oggend betyds by die skool aanmeld.
* Om te sorg dat my kind(ers) nie onnodig by die huis bly nie, maar gereeld die skool sal bywoon.

* Om elke keer as my kind(ers) afwesig is, 'n briefie van verduideliking skool toe te stuur.
* Om die Prinsipaal persoonlik in kennis te stel wanneer my kind oorgeplaas word na 'n nuwe skool.
* Om toe te sien dat my kind(ers) alle skoolvoorraad en –eiendom sal oppas en indien my kind(ers) betrokke is by opsetlike saakbeskadiging, ek verantwoordelikheid aanvaar vir die skade aangerig.
* Om die taal en toelatingsbeleid van die skool te eerbiedig en te handhaaf. By gebreke daarvan onderneem ek om my kind na 'n ander skool te neem.
* Ek onderskryf die taalbeleid van Afrikaans enkelmedium van die skool.

Geteken: _____ _____
OUER/VOOG DATUM

G BELEIDSDOKUMENTE:

Die volgende beleidsdokumente is ter insae by die Ontvangskantoor beskikbaar:

1) Grondwet van die Beheerliggaam
2) Taalbeleid
3) Gedragskode vir leerders
4) Toelatingsbeleid

Hiermee verbind ek my as ouer/voog tot die inhoud van genoemde dokumente.

Handtekening van ouer/voog: _____ Datum: _____

H SKOOLGELDE-OOREENKOMS : WORD *SLEGS* VOLTOOI DEUR DIE PERSOON WAT VERANTWOORDLIK IS VIR DIE BETALING VAN SKOOLGELD:

1. AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

LAERSKOOL A.G. VISSER HEIDELBERG ("DIE SKOOL")

'n openbare skool en 'n regspersoon kragtens Artikel 15 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet nr.: 84 van 1996, handelende in hierdie aangeleentheid deur die Skoolhoof wat behoorlik deur die Beheerliggaam daartoe gemagtig is (hierin later na verwys as die "SKOOL")

EN

Volle name en van - (***Rekeninghouer***): _____

ID - Nommer: _____

Werksadres: _____

_____

Woonadres: _____

_____

_____

Kontaknommers: (Werk) _____ (Sel) _____

2. Aangesien die partye net die beste belang van die SKOOL vooropstel; En AANGESIEN die finansiële bydraes en die positiewe gesindheid van ouers absoluut noodsaaklik geword het vir die bedryf van die SKOOL, veral gesien in die lig van die afwesigheid van voldoende finansiële bystand van owerheidsweë. NOUDERHALWE KOM DIE PARTYE NOU AS VOLG OOREEN:

2. 1. Die ouer/voog is bewus daarvan dat die skool kragtens wet gemagtig word om skoolgelde te hef welke skoolgelde by wyse van 'n behoorlike goedgekeurde begroting bepaal word. Die ouer / voog is geregtig op insae in die begroting tydens skoolure.

2.2 Die skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar voor of op die sewende dag (7de) van elke maand en wel op die volgende wyses:

2.2.1 Maandeliks vooruit in kontant per tjek of per debietorder/ aftrekorder.

2.3. Indien die OUER / VOOG teen 31 Maart van die betrokke jaar agterstallig is met sy betalings sal die volle jaar se skoolgelde onmiddellik opeisbaar en betaalbaar wees. Indien die volle jaar se skoolgelde in so 'n geval nie betaal is teen die 10de dag van Junie van daardie jaar nie sal die skool geregtig wees om dagvaarding teen die OUER / VOOG uit te reik vir die verhaal daarvan en kom die partye ooreen dat die volgende bepalings van toepassing sal wees:

2.3.1 Die verskuldigde bedrag sal rente dra teen die prima bankuitleenkoers soos op 10 Junie plus 3 %.

2.3.2 Die OUER / VOOG sal aanspreeklik wees vir alle regskostes wat die SKOOL aangaan ter invordering van hierdie skuld op die skaal soos tussen Prokureur en eie kliënt welke term die OUER / VOOG erken hy verstaan of dat dit aan hom verduidelik is.

2. 3.3 Die SKOOL sal ook geregtig wees om die heffings soos in paragraaf 3 hierbo in so 'n regsproses te verhaal.

2. 3.4 'n Sertifikaat deur die tesourier of sy gemagtigde sal as prima facie bewys van die skoolgeld, kosteheffings uitstaande, rente en enige bedrae reeds betaal dien wanneer die hof sodanige bewys verlang.

2.3.5 Die OUER / VOOG stem toe tot die uitreiking van 'n besoldigingsbeslagsbevel indien hy/sy na vonnis steeds in versuim bly om die vonnis en koste te betaal.

2.3.6 Die partye tot hierdie ooreenkoms stem toe tot die jurisdiksie van 'n landroshof in enige geding wat sou voortspruit uit die verbreking van die terme soos vervat in hierdie skriftelike ooreenkoms.

3. Hiermee onderneem ek, die ondergetekende ouer/voog van die leerder(s) wat ('n) ingeskrewe lede (lid) by Laerskool A.G. Visser is, om die inskrywings- en onderriggelde as volg te betaal:

3.1 Inskrywingsgeld:

3.1.1 Gelde per kind per jaar is VERPLIGTEND en is betaalbaar **voor of op die eerste skooldag** van Januarie van ELKE nuwe skooljaar.

3.1.2 Gelde per kind, vorm deel van die onderriggeld. 'n Krediet by betaling sal op u rekening verskyn.

3.2 Onderriggeld

3.2.1 Verpligte onderriggeld is maandeliks vir tien maande (Januarie – November) as volg vooruitbetaalbaar:

- Eerste betaling is einde Januarie vir Februarie
- Laaste betaling is einde Oktober vir November

3.2.2 Eerste 3 kinders wat ingeskrewe leerders by Laerskool A.G. Visser is betaal onderriggeld.
Die 4de en meer ingeskrewe leerders by die skool ontvang gratis onderwys.

4. Wyse van betaling: (Merk asb. duidelik)

4.1 Eenmalige betaling:

☐ Die volle bedrag sal voor of op _____ (datum) van die betrokke skooljaar betaal word.

4.2 Paaiementbetaling:

☐ Maandelikse paaiemente in KONTANT oor 10 maande sal voor of op die 7de dag van ELKE maand betaal word – indien die 7de op 'n naweek / vakansiedag val, die eerste beskikbare weeksdag daarna.

☐ Maandelikse paaiemente per AFTREKORDER oor 10 maande sal voor of op die 7de dag van ELKE maand betaal word – indien die 7de op 'n naweek / vakansiedag val, die eerste beskikbare weeksdag daarna (soos deur uself gereël met u bank).

☐ Internet / Elektroniese oorplasing oor 10 maande sal voor of op die 7de dag van ELKE maand betaal word – indien die 7de op 'n naweek / vakansiedag val, die eerste beskikbare weeksdag daarna.

5. Hantering van agterstallige rekeninge

Alle rekeninge wat 90 dae agterstallig is, sal oorhandig word aan 'n invorderingsinstansie. Enige skriftelike reëlings t.o.v. die betaling van onderriggeld / inskrywingsgeld wat met die skool se invorderingsbeampte bespreek is, verval aan die einde van die vorige jaar en 'n nuwe reëling moet weer aan die begin van die nuwe skooljaar getref word. Op 'n kwartaallikse basis moet die invorderingsbeampte van die skool skriftelik rondom u finansiële posisie ingelig word.

** Alle reëlings moet op skrif wees – geen mondelinge reëlings is aanvaarbaar nie.

6. Die partye kom ooreen dat hierdie die volle ooreenkoms tussen die partye vervat en dat geen wysiging hiervan geldig sal wees tensy dit op skrif gestel en deur beide partye onderteken is nie.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE HEIDELBERG OP HIERDIE _____ DAG VAN _____ 20_____.

HANDTEKENING VAN REKENINGHOUER (OUER/VOOG) :_____